


**April 2024**

Hierdie wysigings tree in April 2024 in werking.

**TLU SA RIGLYN VIR OMGEWINGSBEWARING**

## 1. Water Aangeleenthede

*1.1 <u>Standpunt</u>*

- Alle waterbronne is volgens die Nasionale Waterwet 36 van 1998 onder voogdyskap van die staat is dit die staat se verantwoordelikheid om genoegsame kwaliteit en kwantiteit water beskikbaar te stel vir mens, dier, plant en industrie teen billike tariewe sonder diskriminasie.
- Die landbou sektor moet homself posisioneer as vennoot in die bewaring van waterbronne en deelneem aan openbare gesprekke van enige komitee / werkgroep wat daargestel word deur hetsy privaat instellings of die Departement Watersake en Sanitasie.
- TLU SA se lede beywer hulself om saam te werk aan water aangeleenthede tot voordeel van die landbouer en behou die reg om aan enige vergadering, werkgroep of liggaam te onttrek indien die belange van die boerdery gemeenskap deur sodanige deelname benadeel word.

*1.2 <u>Beleid</u>*

- TLU SA beywer homself om tot deurlopende ondersoek van moderne besproeiings metodes om sodoende die waterbronne te bestuur en beskerm.
- TLU SA steun die ontwikkeling van nuwe plant variëteite om waterverbruik tot minimum te beperk met optimale opbrengs.
- TLU SA se lede beywer hulself om waterbron besoedelaars aan te spreek deur die wetlike prosedures te volg wat die aksies van sodanige oortreders sal aanspreek.

*1.3 <u>Doelwit</u>*

- Om die bestaande dispuut met die Departement Watersake en Sanitasie uit te klaar deur debatvoering. Litigasie sal as laaste uitweg oorweeg word.
- Samewerking met instansies / organisasies om oortreders van besoedeling doeltreffend aan te spreek.
- Die oprigting van waterverbruikersverenigings by lede strukture en lidmaatskap van lede by sodanige verenigings aan te moedig.

OMGEWINGSSAKE

- In gesprek te volhard met die Departement Watersake en Sanitasie aangaande die installering van watermeters, kalibrering metodes en lesing rapportering tot voordeel van lede.
- Voortdurende onderhandeling te met Departement Watersake en Sanitasie oor toepaslike bekostigbare watertariewe en verhogings te beperk.

## 2. Mynbou ontwikkeling

*2.1* *Standpunt*

- TLU SA erken die wye voorkoms van minerale en metale in Suid-Afrika.
- Gunstige belegging moontlikhede moet geskep word deur die verwerking van produkte ten einde werkskepping te ondersteun, opleiding en vaardigheid ontwikkeling geleenthede te ontgin en die ondersteuning van buitelandse valuta.
- TLU SA beveg onwettige mynbou aktiwiteite wat die landbouer se voortbestaan bedreig en die potensiaal toon van besoedeling van natuurlike hulpbronne.

*2.2* *Doelwitte*

- Deurlopend kennis te neem van enige mynbou ontwikkeling en onder die aandag van lede te bring vir registrasie en suksesvolle deelname aan die proses.
- Klagtes aan die regering te oorhandig van enige onwettige aktiwiteite of besoedeling.
- TLU SA beywer homself om druk toe te pas op mynbou ontwikkeling ten einde voldoende voorsorg te tref vir die doeltreffende rehabilitasie na termyn van mynbou ontginning.

## 3. Bewaring

*3.1* *Standpunt*

- TLU SA beywer homself om moderne gewasse en produksie metodes te ondersoek ten einde aan die bevolkingsaanwas, verstedeliking en toestroming van buitelanders na Suid-Afrika se behoeftes te voldoen.
- Uitvoermarkte moet deurgaans ondersoek word vir geleenthede.
- Arbeidbesparing in tegnologie, plant en oes metodes moet deurgaans die doelwit wees ten einde arbeidskoste te beperk.
- TLU SA se lede onderneem om aan enige gesprekke deel te neem waar lede se belange ter sprake is ten einde die moontlike impak van aksies doeltreffend aan te spreek.

*3.2* *Beleid*

TLU SA verklaar dat die organisasie as verteenwoordigend van sy lede, met ander organisasies sal saamwerk om bewaringslandbou as konsep by ons lede te vestig en te bevorder.

*3.3* *Doelwit*

Organisasies en / of akademiese instansies wat navorsing en werkswinkels fasiliteer oor bewaringslandbou moet ondersteun word en lede word aangemoedig om aan geleenthede deel te neem vir kennisuitbreiding.

OMGEWINGSSAKE